REKENINGKUNDIGE BEAMPTE: KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die kantoor van die Algemene Sinode (geleë in Hatfield, Pretoria) wag aansoeke in vir die pos van rekeningkundige beampte.

Diensaanvaarding: 1 Junie 2021

Sluiting van aansoeke: 20 April 2021

Hooffunksies van die pos

- Byhou van die rekeningkundige stelsel van die Algemene Sinode en die Algemene Bevoegdheidsraad.
- Boekhouding op Pastel Partner tot proefbalans.
- Suiwering van boeke deur rekonsiliasies en joernale.
- Bystand met opstel van begroting, finansiële state en oudit.
- Voorbereiding van kwartaallikse bestuursverslae.
- Hantering van debiteure en krediteure.
- Hantering van die jaarlikse registrasiefooie van predikante vir die Algemene Bevoegdheidsregister
- Voorbereiding , verkryging van goedkeuring en opstel van betalings.
- Skakeling met finansiële - en beleggingsinstansies, versekeringsmakelaar en diensverskaffers.
- Skakeling met streeksinodes, taakspanne en ander instansies.
- Hantering van statutêre vereistes ten opsigte van SARS en finansiële instellings.
- Hantering van finansiële navrae.
- Byhou van bateregister en versekeringskedule.
- Administratiewe ondersteuning aan finansiële -, oudit- en beleggingskomitees.

Pos spesifikasies

- Werksure: 07:00 – 13:00 (met die voorwaarde dat langer werksure vir vergaderings in die middag en in bepaalde druk tye verwag kan word).
- Die persoon moet in staat wees om sy/haar eie werk te beplan, te organiseer en te implementeer. Goeie interpersoonlike vaardighede is 'n vereiste.
- Kwalifikasie: ten minste een jaar toepaslike naskoolse opleiding
- Praktiese opleiding: Grondige kennis van Pastel Accounting
- Ondervinding: Twee jaar toepaslike rekeningkundige ondervinding. Kerklike ondervinding sal gunstig oorweeg word.

'n Volledige posbeskrywing en vergoedingskaal is op navraag beskikbaar. Rig navrae aan dr Lourens Bosman (Algemene Bestuurder) by lourensb@ngkerk.org.za of selfoon 0828398841.

Die Sinode behou die reg voor om nie iemand in die pos vanuit die aansoeke aan te stel nie.